

Direkteur Sinode

NG Kerk in Oos-Kaapland

Ds Danie Mouton

Tel 041 365-3159 (k) - Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za - Faks: 0865 860 623
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

AAN: LERAARS

5 April 2020

Liewe vriende,

OPDATERING EN AANPASSING : ZOOM-GESPREEKE MET LERAARS : MAANDAG 6 APRIL TOT DONDERDAG 9 APRIL 2020

Vriende, ek verwys na my e-pos van Vrydag, 3 April, waarin saamgesels tussen leraars oor die impak van Korona op ons persoonlike lewens en ons bediening aangekondig is.

Ons gaan voort met die gesprekke, maar **drie dinge verander**. Twee het met die Zoom-platform se opgeskerpte sekuriteitsmaatreëls te doen, en een met ons eie interne reëlings:

- Die **skakel na die gesprek** is deur Zoom aangepas – sien hieronder. Zoom het ook 'n **wagwoord** vir elke Zoom-vergadering verpligtend gemaak. Dit is vir persone wat die "join"-funksie gebruik om in te skakel – sien hieronder. Die wagwoord vir hierdie reeks gesprekke is 528346.
- Wanneer jy by die gesprek aansluit, beland jy in 'n "**wagkamer**". Dit gee die administrateur geleentheid om elke deelnemer te "keur" voordat die persoon tot die vergadering toegelaat word. Wees verseker, julle is almal reeds gekeur, dit mag net 'n paar minute neem om van die wagkamer tot die vergadering toegelaat te word.
- In my entoesiasme het ek Cradock en Graaff-Reinet se gesprek vir Vrydag, 10 April, dit is Goeie Vrydag, geskeduleer. Dit bots natuurlik met leraars en gemeentes wat op daardie tyd lewendig stroom of op platforms soos Whatsapp in kontak met lidmate is. **Ons skuif Cradock en Graaff-Reinet** dus nou na onderskeidelik Woensdag en Donderdag toe – sien tabel hieronder.

Opsomming

Hier is die vyf dinge wat jy asb moet doen om deel te neem (meer besonderhede hieronder):

1. Teken jou ring se gespreksdatum en tyd aan;
2. Laai die klein Zoom-applikasie op jou skootrekenaar, tablet of foon af – en installeer;
3. Open 'n gratis Zoom-rekening en "log in";
4. Nooi Danie Mouton by danie@ngkok.co.za uit as kontak op Zoom
5. Klik op die bestemde tyd op die skakel hieronder, of klik "join" op jou selfoon of tablet, tik die "meeting ID" en wagwoord in en gesels saam.

Ek het my oorspronklike skrywe dus ietwat aangepas, en gee net weer die inhoud hieronder weer (let veral op die tabel wat die gesprekstye aangee):

GESPRESINHOUD

Dit sal heilsaam en leersaam wees om lekker met mekaar te gesels oor die effek van die Covid-inperking.

Dink aan vrae soos:

- Hoe gaan dit met jou, en
- Wat doen jy en julle gemeente bedieningsmatig in hierdie buitengewone omstandighede?
- Hoe gaan dit met gemeentelide en ander persone in die gemeenskap?

Ten einde so 'n gesprek te voer, gaan ons die Zoom-platform gebruik. Ringe word ingedeel sodat ons almal 'n kans gee om aan een van vyf gesprekke deel te neem.

Zoom werk baie eenvoudig. Om aan die gesprek deel te neem, moet jy 'n klein program op jou rekenaar aflaai. Tweedens moet jy vyf minute voor die gesprek begin op die webskakel klik wat hieronder aangegee word. Dit is al. Later in hierdie skrywe gee ek instruksies oor die gebruik van Zoom.

Jasper Louw sal as gespreksleier optree.

INDELING

Ringe word as volg ingedeel:

Datum	Tyd	Ringe	Meeting ID	Wagwoord
Maan, 6 April	09:55	Humansdorp, PE en Uitenhage	655 623 320	528346
Dins, 7 April	09:55	Algoa, PE-Wes en Sondagsrivier	655 623 320	528346
Woens, 8 April	09:55	Albanie, Cradock en Oos-Londen	655 623 320	528346
Don, 9 April	09:55	Burgersdorp, Dordrecht en Graaff-Reinet	655 623 320	528346

Die volgende is belangrik:

Skakel na die gesprek – klik op hierdie skakel om na die vergadering te gaan:
<https://zoom.us/j/655623320?pwd=c2s1YXV2VVERzFqVDRCa285RTI2Zz09>
Meeting ID (nodig wanneer jy deur "join" te klik by die vergadering wil inskakel, sien instruksies hieronder):
655 623 320
Wagwoord
655 623 320

As 'n spesifieke datum jou nie pas nie, kan jy ook op 'n ander tyd inskakel. Die skakels na al die gesprekke is deurgaans dieselfde.

INSTRUKSIES OM ZOOM TE GEBRUIK

Zoom is 'n stabiele platform en lig op data. Aangesien die internet onder druk is weens o.a. die inperking, mag ons dalk die video met tye afskakel. Dit is maklik om te doen.

Aangesien die Sinode 'n betaalde Zoom-rekening het, is die beperkings wat op die gratis weergawe van toepassing is nie hier ter sprake nie.

Nie almal is bekend met Zoom nie, vandaar die volgende instruksies vir eerste gebruikers, maar ook vir diegene wat bekend is met die platform:

1. WINDOWS

(Skootrekenaar of desktop wat kamera, mikrofoon en luidsprekers het)

1.1 Jy moet 'n klein program op jou rekenaar aflaai en installeer. Dit is die *Zoom Client for Meetings*. Gaan na hierdie bladsy en laai die program (Zoom Client for meetings, die boonste skakel op die bladsy) af: <https://zoom.us/download>

1.2 'n Save As-skermie maak oop – stoor die ZoomInstaller.exe op jou hardeskyf. Klik dan op ZoomInstaller.exe sodat dit die program op jou rekenaar installeer. Jy moet "Run" klik op die Open file-skermie wat oopmaak. Die program sal nou installeer. Gee die nodige toestemming tot installasie wanneer Windows jou daarna vra.

1.3 Jy moet ook 'n Zoom-rekening oopmaak. Dit is gratis. Gaan na <https://zoom.us/>. Klik op "Sign up free". Vul jou e-pos adres in en gaan deur die prosedure.

1.4 Nadat jy 'n rekening het, kan jy permanent in-log op jou *desktop client* wat jy vroeër afgelaai het.

2. SELFOON OF TABLET

2.1 Zoom is beskikbaar die Playstore (Android-fone), asook op iOS en iPadOS. Laai dit af en installeer. Gee aan Zoom al die toestemming wat dit vra.

2.2 Wanneer die app geïnstalleer is, moet jy 'n Zoom-rekening oopmaak. Sodra jy dit gedoen het, log in op jou rekening. Gebruik jou e-pos adres as die username.

2.3 Maak seker dat jou **selfoon vol gelaai is** en (verkieslik) dat jou **charger naby** is wanneer jy via selfoon op die vergadering inskakel.

3. NOOI DANIE MOUTON AS KONTAK UIT

ADD MY AS CONTACT by danie@ngkok.co.za. Op die Android app is daar bv 'n + regs bo aan die skerm wanneer jy onderaan op contacts klik. Op die Windows Zoom-program is daar ook so 'n plus. Ek sal jou versoek aanvaar. Dit maak dit vir my makliker om die Zoom-sessie te bestuur as iets met jou deelname skeefloop.

4. SKAKEL IN OP DIE VERGADERING

Daar is drie maniere om by die vergadering in te skakel:

4.1 Klik vyf minute voor die tyd op die "**Skakel na gesprek**" soos hierbo in die tabel vermeld. Dit neem jou outomaties na die vergadering. Die skakel is:

<https://zoom.us/j/655623320?pwd=c2s1YXV2VVErRzFqVDRCa285RTI2Zz09>

Die skakel is dieselfde vir al vier gesprekke. Wanneer jy inskakel, sal jy in 'n "wagkamer" beland. Jy sal daarvandaan na die vergadering toegelaat word.

4.2 Op die Zoom-program op jou rekenaar of op die app kan jy ook "**Join**" klik. Dan tik jy beide die "Meeting ID" (655 623 320) en die wagwoord (528346) in. Dit neem jou na die wagkamer, waarvandaan jy tot die vergadering toegelaat sal word.

4.3 By hierdie spesifieke vergadering kan jy ook **telefonies inskakel**. Jy doen dit deur een van twee telefoonnommers te skakel en dan die "Meeting ID" en wagwoord te gebruik. Die nommers is 087 550 3946 of 087 551 7702. Jy tik dan die Meeting ID, 655 623 320, en die wagwoord, 528346, in, gevolg deur #. Gebruik hierdie opsie as jy nie oor data beskik nie. Die oproep self sal egter koste hê, vir jou rekening.

5. HULP MET ZOOM

Hier is verdere hulp en agtergrond: <https://support.zoom.us/hc/en-us/articles/201362033-Getting-Started-on-PC-and-Mac>. Daar is ook verskeie kort tutoriale op Youtube beskikbaar.

Dit sal heerlik wees om volgende week saam te gesels.

Vrede,

Danie Mouton
Direkteur Sinode